bybelgenootskap van suid-afrika
bible society of south africa
maatskappy sonder winsoogmerk
non-profit company
maatskappy registrasieno / company registration no 2008/007505/08

BYBELSONDAG - 27 AUGUSTUS 2017

Augustusmaand met **Bybelsondag 27 Augustus**, herdenk ons die **84ste jaar van die Bybel in Afrikaans,** sedert 27 Augustus 1933 toe die eerste Afrikaanse Bybel luisterryk in **Bloemfontein** in ontvangs geneem is. Hiermee saam staan Bybelsondag ook bekend as die herdenking van die **stigting van die Bybelgenootskap van Suid Afrika in Tuinhuis** in **Kaapstad op 23 Augustus 1820. (196 jaar van Bybelverspreiding in SA).**

Vir baie gemeentes gaan hierdie **geskiedkundige Bybelsondag** tradisioneel gepaard met spesiale fondsinsameling vir **Bybelverspreiding.** Indien u nog oor enige Bybelgenootskap koeverte, voubussies of Bybelbussies beskik, sal dit egter doelmatig wees met die oog op inhandiging Sondag 27 Augustus. As ons u dalk van enige kan voorsien, **skakel, faks of e-pos** ons by bogenoemde nommers – sien bestelvormpie. Ons wil die suggestie by u laat om **so gou moontlik elke lidmaat** van só 'n koevertjie te voorsien ten einde by die ideaal uit te kom van **R50 per belydende lidmaat** wat een Bekostigbare Bybel per lidmaat moontlik maak. Hierdie ideaal kan dmv **Bybelsondag tot en met Hervormingsondag 29 Oktober bereik** word. (Finansiële jaareinde van die Bybelgenootskap Dinsdag 31 Oktober 2017). Baie gemeentes het al hulle **Pinksterbidure** (Hand 2:8) gebruik as wegspringpunt. Moenie die meriete van hierdie koevertjies vir lidmate, asook die voubussies vir kinders en senior lidmate onderskat nie. As hulpmiddel is aangestuur 'n spesiale **Barometer plakkaat** wat 'n **visuele demonstratiewe waarde** het om **betrokkenheid** in hierdie verband te ondersteun. Geliewe asb hierdie plakkaat op 'n **baie prominente plek** in u kerk te **vertoon** sodat lidmate kan sien hoedat elkeen se bydrae 'n **verskil maak!** Die demonstratiewe waarde van só 'n groeiende barometer het in vele gemeentes bewys 'n uiters suksesvolle resep te wees. Skakel gerus Mev Linda Müller by 051 – 444 5980/1/2 om die somtotaal van u gemeente se bydraes tot dusver in te kleur. Baie gemeentes het reeds ver gevorder in hierdie verband. Heelwat gemeentes het reeds hul mikpunt van 1 Bybel per lidmaat **R50** via die Barometer gehaal! **2016 het 60 gemeentes en 7 ringe dit reggekry. (Elektronies Barometer word hiermee saamgestuur!)**

LW Gratis Bybelgenootskap medaljes met die oog op Stap vir Bybels is vir gemeentes en groepe beskikbaar. (Wat van 'n informele diens op 'n Sondag (Bybelsondag/ Hervormingsondag) en daarna stap almal om die Kerk?) Maak gerus ook van die **pilhouertjies** gebruik waarvan ons reeds aan u geskryf het, om by julle mikpunt van R50 per lidmaat uit te kom!

Bogenoemde ondersteuning en lojale gesindheid van die kerk stel die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in staat om sy volle potensiaal in die beskikbaarstelling van die Woord te bereik **sodat elkeen Sy liefde mag ken en ons Hemelse Vader verheerlik: Joh 14:23.**

NS – GELIEWE ASB BOGENOEMDE INLIGTING MET DIE GEMEENTE SOWEL AS DIE BETROKKE KOMMISSIES, DIENSGROEPE, PERSONE EN BELANGSTELLENDES TE DEEL ASSEBLIEF!

Byvoorbaat hartlike dank!
Ds Gerrie van Dyk
STREEKHOOF

goeie nuus vir almal vir altyd
good news for all for ever

noord-kaap/vrystaat posbus 12149 brandhof 9324
hoofkantoor edwardstraat 134 bellville
uitvoerende hoof ds dt gevers

bibbfn@biblesociety.co.za
t +27 (0)51 444 5980
f +27 (0)51 444 5988
www.bybelgenootskap.co.za
www.biblesociety.co.za

free state/northern cape p o box 12149 brandhof 9324
head office 134 edward street bellville
chief executive officer rev dt gevers

direkteure tm douw, dt gevers, r hugo, p maddison, j pillay, dc taljaard, p van der poel, rp van wyk directors